Kosterekening—Bedrag gedurende jaar ten aansien van spoor- en padvervoer, ens. betaal			Kosterekening—Bedrag by uitreikingsprys van voorrade ingesluit om spoor- en padvervoerkoste, ens. te dek		
	R	c		R	c
Uitrusting beskadig, verloor of gesteel			Surplusse by voorraadverifiëring		
Tekorte by voorraadverifiëring			Winste as gevolg van verkoop of wegdoening van verouderde of oortollige uitrusting		
Verliese op verkope of wegdoening van verouderde of oortollige uitrusting					
Wins (as daar is)			Verlies (as daar is)		
R			R		

APPENDIX A.

EQUIPMENT BALANCE SHEET AS AT ..... 19....

LIABILITIES.	R c	R c	ASSETS.	R c	R c
Capital			Equipment on hand at ..... 19....		
Sundry creditors—	R c		Equipment issued on loan		
(*a*) Local			Sundry debtors—	R c	
(*b*) Overseas			(*a*) Repayment issues		
			(*b*) Equipment paid for and not received—	R c	
Profit (if any) transferred from Working and Profit and Loss Account and payable to Revenue			(i) Local		
			(ii) Overseas		
			Deficiencies awaiting Treasury approval		
			Cash with Paymaster-General		
			Loss (if any) transferred from Working and Profit and Loss Account, chargeable to vote		
	R			R	

WORKING AND PROFIT AND LOSS ACCOUNT FOR THE YEAR ENDED ..... 19....

	R c	R c		R c	R c
Equipment on hand at ..... 19....			Equipment issued during year—	R c	
Equipment received during year—	R c		(*a*) Charged against Revenue and Loan Votes		
(*a*) Purchases			(*b*) On repayment by other departments		
(*b*) Surplus and adjustments, etc. as per contra			(*c*) On repayment by Administrations		
(*c*) Other receipts			(*d*) On repayment by outside bodies and the public		
			(*e*) Depreciation		
			(*f*) Writes-off, adjustments, etc. as per contra		
			Equipment on hand ..... 19....		
	R			R	
Charges Account—Amount paid during year in respect of rail and road transport, etc			Charges Account—Amount included in purchase price to cover rail and road transport etc		
	R c			R c	
Equipment damaged, lost or stolen			Surplus disclosed in stock verifications		
Deficiencies disclosed in stock verifications			Profits arising out of sale, or disposal of obsolete or redundant equipment		
Losses on sales, or disposals of obsolete or redundant equipment					
Profit (if any)			Loss (if any)		
	R			R	

No. 148.] [2 Februarie 1962.

Hierby word bekendgemaak dat die Oordragboeke van ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte van 15 Februarie 1962 tot en met 15 Maart 1962 gesluit sal wees en dat die Dividende betaalbaar op 15 Maart 1962 aan die Effektebesitters wat op die datum van die sluiting van die Oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:—

Plaaslike Geregistreerde $2\frac{7}{8}$-persenteffekte, 1964/69.
Plaaslike Geregistreerde 3-persenteffekte, 1958/68.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 149.] [17 Januarie 1962.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937.—SOOS GEWYSIG—SINGFOR IN LEONG.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Wingson Singfor, sy vrou, Von-Hoo (ook bekend as Diana) Singfor, en minderjarige kinders, Colin Singfor, Dennis Singfor, Melvin Singfor en Gareth Singfor, woonagtig te Highfieldweg 251, Port Elizabeth, te magtig om die van Leong aan te neem.

No. 148.] [2 February 1962.

Notice is hereby given that the Transfer Books of the undermentioned Local Registered Stocks will be closed from the 15th February, 1962, to the 15th March, 1962, both days inclusive, and that the Dividends due on the 15th March, 1962, will be paid to the Stockholders registered at the date of closing of the Transfer Books:—

$2\frac{7}{8}$ Per Cent Local Registered Stock, 1964/69.
3 Per Cent Local Registered Stock, 1958/68.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. 149.] [17 January 1962.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED—SINGFOR TO LEONG.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Wingson Singfor, his wife, Von-Hoo (also known as Diana) Singfor, and minor children, Colin Singfor, Dennis Singfor, Melvin Singfor and Gareth Singfor, residing at 251 Highfield Road, Port Elizabeth, to assume the surname of Leong.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 122.] [2 Februarie 1962.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946.

KINGSWOOD COLLEGE PENSIOEN SKEME.

Namens die Minister van Arbeid, verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kragtens subartikel (5) van artikel *twee* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946, dat Goewermentskennisgewing No. 2114 van 1 September 1950, met ingang van 1 April 1962, gewysig word deur die woorde „Kingswood College Pension Scheme", te skrap.

Die strekking van hierdie kennisgewing is dat alle persone wat in die woordbepaling van „bydraer" in artikel *twee* van genoemde Wet omvat word en wat lede van die Kingswood College Pension Scheme is, vanaf 1 April 1962, as bydraers beskou sal word.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 123.] [2 Februarie 1962.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946.

PENSIOENFONDS VAN DIE DIOCESAN COLLEGE, KAAPSTAD.

Namens die Minister van Arbeid, verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kragtens subartikel (5) van artikel *twee* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946, dat Goewermentskennisgewing No. 870 van 21 April 1950, met ingang van 1 April 1962, gewysig word deur die woorde „Pensioenfonds van die Diocesan College, Kaapstad", te skrap.

Die strekking van hierdie kennisgewing is dat alle persone wat in die woordbepaling van „bydraer" in artikel *twee* van genoemde Wet omvat word en wat lede van die Pensioenfonds van die Diocesan College, Kaapstad is, vanaf 1 April 1962, as bydraers beskou sal word.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 124.] [2 Februarie 1962.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946.

PRETORIASE MUNISIPALE PENSIOENFONDS.

Namens die Minister van Arbeid, verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kragtens subartikel (5) van artikel *twee* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946, dat—

(*a*) met ingang van 11 Desember 1957, en tot en met 31 Maart 1962, lede van die Pretoriase Munisipale Pensioenfonds wat by die Stadsraad van Pretoria in diens is—

(i) as gesalarieerde personeel in 'n gevestigde en permanente hoedanigheid; of

(ii) as daagliks of uurliks besoldigde personeel en vir minstens twee jaar in sodanige hoedanigheid in diens is; of

(iii) wat onmiddellik voordat hulle in diens van genoemde Stadsraad getree het, van die woordbepaling van „bydraer" uitgesluit was omdat hulle lede van 'n ander pensioenfonds was,

nie by die toepassing van genoemde Wet as bydraers beskou word nie; en dat

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 122.] [2 Februarie 1962.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.

KINGSWOOD COLLEGE PENSION SCHEME.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, do hereby, in terms of sub-section (5) of section *two* of the Unemployment Insurance Act, 1946, declare that with effect from 1st April, 1962, Government Notice No. 2114 of 1st September, 1950, is amended by the deletion therefrom of the words "Kingswood College Pension Scheme".

The purport of this notice is that all persons falling within the definition of "contributor" in section *two* of the said Act are members of the Kingswood College Pension Scheme will as from 1st April, 1962, be regarded as contributors.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 123.] [2 February 1962.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.

PENSION FUND OF THE DIOCESAN COLLEGE, CAPE TOWN.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, do hereby, in terms of sub-section (5) of section *two* of the Unemployment Insurance Act, 1946, declare that with effect from 1st April, 1962, Government Notice No. 870 of 21st April, 1950, is amended by the deletion therefrom of the words "Pension Fund of the Diocesan College, Cape Town".

The purport of this notice is that all persons falling within the definition of "contributor" in section *two* of the said Act who are members of the Pension Fund of the Diocesan College, Cape Town, will, as from 1st April, 1962, be regarded as contributors.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 124.] [2 February 1962.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.

PRETORIA MUNICIPAL PENSION FUND.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy Minister of Labour, do hereby, in terms of sub-section (5) of Section *two* of the Unemployment Insurance Act, 1946, declare that—

(*a*) with effect from 11th December, 1957, to 31st March, 1962 (inclusive), members of the Pretoria Municipal Pension Fund who are employed by the City Council of Pretoria—

(i) on the salaried staff in an established and permanent capacity; or

(ii) on the daily or hourly-paid staff and who have been so employed for not less than two years; or

(iii) who, immediately prior to entering the employment of the Council, have been excluded from the definition of "contributor" by reason of membership of any other pension fund,

shall not, for the purposes of the said Act, be regarded as contributors; and

(*b*) met ingang van 1 April 1962, lede van die Pretoriase Munisipale Pensioenfonds wat by die Stadsraad van Pretoria in 'n gevestigde en permanente hoedanigheid in diens is en wat minstens twee jaar in onafgebroke diens by genoemde Stadsraad was of wat, onmiddellik voordat hulle in diens van genoemde Stadsraad getree het, van die woordbepaling van „bydraer" uitgesluit was omdat hulle lede van 'n ander pensioenfonds was, nie by die toepassing van genoemde Wet as bydraers beskou word nie.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 126.] [2 Februarie 1962.

LOONWET, No. 5 VAN 1957.

KLIPVERGRUISINGSNYWERHEID, SEKERE GEBIEDE.

In opdrag van die Adjunk-minister van Arbeid word almal wie se belange regstreeks of onregstreeks geraak word deur die aanbeveling wat die Loonraad aan die Minister voorgelê het en wat in die Bylae hiervan verskyn, hierby ooreenkomstig paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *dertien* van die Loonwet, 1957, versoek om, as hulle besware het teen die maak van 'n vasstelling ooreenkomstig die aanbeveling, daardie besware binne dertig dae na die publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik by die Sekretaris van Arbeid, Privaatsak 117, Pretoria, in te dien.

(OPMERKING.—Die Loonraadverslag wat op hierdie aanbeveling betrekking het, is beskikbaar vir insae by die kantore van die Afdelingsinspekteurs, Departement van Arbeid, Kaapstad, Port Elizabeth, Kimberley, Oos-Londen, Durban, Bloemfontein, Johannesburg en Pretoria. Persone wat besware indien in 'n ander vorm as in manuskrip, word versoek om sewe afskrifte van hulle besware en sewe afskrifte van alle bygaande dokumente te verstrek.)

BYLAE.

AANBEVELING VAN AFDELING B VAN DIE LOONRAAD AAN SY EDELE DIE MINISTER VAN ARBEID.

KLIPVERGRUISINGSNYWERHEID, SEKERE GEBIEDE.

1. GEBIED EN OMVANG VAN DIE VASTELLING.

Hierdie Vasstelling is van toepassing op alle werknemers in die Klipvergruisingsnywerheid en op die werkgewers van sodanige werknemers in die volgende gebiede:—

In die Kaapprovinsie.—Die landdrosdistrikte Bellville, die Kaap, Kimberley, Oos-Londen, Paarl, Port Elizabeth, Simonstad, Somerset-Wes, Stellenbosch, Wellington en Wynberg.

In die Oranje-Vrystaat.—Die landdrosdistrikte Bloemfontein, Kroonstad, Odendaalsrus, Virginia en Welkom.

In Natal.—Die landdrosdistrikte Durban, Inanda, Pinetown en Pietermaritzburg.

In die Transvaal.—Die landdrosdstrikte Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Klerksdorp, Nigel, Oberholzer, Potchefstroom, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark en Vereeniging.

2. WOORDOMSKRYWINGS.

(1) Tensy uit die samehang anders blyk, het iedere uitdrukking wat in hierdie Vasstelling gebesig en in die Loonwet, 1957, omskryf word, dieselfde betekenis as in dié Wet en, tensy strydig met die samehang, beteken—

„algemene werksman" 'n werknemer wat kleinere herstelwerk of verstellings aan masjinerie of toerusting doen of opknappingswerk aan geboue of kleiner herstel- of opknappingswerk aan geboue of ander strukture uitvoer;

„ambagsman" 'n werknemer wat werk doen wat in die reël deur 'n geskoolde ambagsman verrig word en by die toepassing van hierdie woordomskrwing beteken die uitdrukking „geskoolde ambagsman" iemand wat sy leertyd uitgedien het in 'n bedryf wat kragtens die Wet op Vakleerlinge, 1944, aangewys is of geag word aangewys te wees, of wat in besit is van 'n vaardigheidsertifikaat deur die Registrateur van Vakleerlinge aan hom uitgereik ingevolge artikel *ses* van die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, of 'n sertifikaat deur bedoelde Registrateur aan hom uitgereik ingevolge òf artikel *twee* (7) òf artikel *sewe* (3) van gemelde Wet;

(*b*) with effect from 1st April, 1962, members of the Pretoria Municipal Pension Fund who are employed by the City Council of Pretoria in an established and permanent capacity and who have been in the continuous employment of such Council for not less than two years or who, immediately prior to entering the employment of the said Council, have been excluded from the definition of "contributor" by reason of membership of any other pension fund, shall not, for the purpose of the said Act, be regarded as contributors.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 126.] [2 February 1962.

WAGE ACT, No. 5 OF 1957.

STONECRUSHING INDUSTRY, CERTAIN AREAS.

By direction of the Deputy-Minister of Labour, all persons whose interests may be affected directly or indirectly by the recommendation which has been submitted to the Minister by the Wage Board and which appears in the Schedule hereto, and who have any objections to the making of a determination in accordance with the recommendation are hereby, in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *thirteen* of the Wage Act, 1957, invited to lodge such objections in writing with the Secretary for Labour, Private Bag 117, Pretoria, within thirty days after publication of this notice.

(NOTE.—The report of the Wage Board pertaining to this recommendation is available for inspection at the offices of the Divisional Inspectors, Department of Labour, Cape Town, Port Elizabeth, Kimberley, East London, Durban, Bloemfontein, Johannesburg and Pretoria. Persons lodging objections other than in manuscript are requested to furnish seven copies of their statement of objections and seven copies of any accompanying documents.)

SCHEDULE.

RECOMMENDATION TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF LABOUR BY DIVISION B OF THE WAGE BOARD.

STONECRUSHING INDUSTRY.—CERTAIN AREAS.

1. AREA AND SCOPE OF DETERMINATION.

This Determination shall apply to all employees in the Stonecrushing Industry and to the employers of such employees in the following areas:—

In the Cape Province.—The Magisterial Districts of Bellville, the Cape, Kimberley, East London, Paarl, Port Elizabeth, Simonstown, Somerset West, Stellenbosch, Wellington and Wynberg.

In the Orange Free State.—The Magisterial Districts of Bloemfontein, Kroonstad, Odendaalsrus, Virginia and Welkom.

In Natal.—The Magisterial Districts of Durban, Inanda, Pinetown and Pietermaritzburg.

In the Transvaal.—The Magisterial Districts of Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Klerksdorp, Nigel, Oberholzer, Potchefstroom, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark and Vereeniging.

2. DEFINITIONS.

(1) Unless the context otherwise indicates, any expression which is used in this Determination and which is defined in the Wage Act, 1957, has the same meaning as in that Act and unless inconsistent with the context—

"handyman" means an employee who is engaged in making minor repairs or adjustments to machinery or equipment or in effecting minor repairs or renovations to buildings or other structures;

"artisan" means an employee who is engaged in work normally performed by a skilled artisan, and for the purpose of this definition the expression "skilled artisan" means a person who has served his apprenticeship in a trade designated or deemed to have been designated under the Apprenticeship Act, 1944, or who holds a certificate of proficiency issued to him by the Registrar of Apprenticeship in terms of section *six* of the Training of Artisans Act, 1951, or a certificate issued to him by the said Registrar in terms of either section *two* (7) or section *seven* (3) of the said Act;

„ambagsman se handlanger" 'n werknemer wat 'n ambagsman bystaan deur artikels of gereedskap vas te hou of andersins met hom saam te werk sonder om die gereedskap selfstandig te gebruik;

„arbeider" 'n werknemer wat een of meer van die ondergemelde werksaamhede verrig:—

(1) ou-metaal breek of sorteer, maar nie gradeer nie;
(2) persele, installasies, masjinerie, werktuie, gereedskap, gerei of voertuie skoonmaak;
(3) briewe, boodskappe of goedere te voet of per nie-kragaangedrewe fiets of voertuig binne 'n bedryfsinrigting haal of aflewer;
(4) koekepanne koppel of ontkoppel;
(5) bome of gewas afkap, vernietig of verwyder;
(6) geboue of ander strukture sloop;
(7) met die hand boor;
(8) goed in masjiene, vervoerbande of vultregters voer of leegmaak;
(9) tuinwerk, d.w.s. plant, spit, gras sny, onkruid uitroei, hark of natmaak, of tuingrond of materiaal sprei of meng, of heinings snoei of knip;
(10) die getal koekepanne met behulp van 'n telbord byhou;
(11) goedere of materiaal met die hand oplig, verskuif, dra of opstapel;
(12) koekepanspore of ontspoorde koekepanne lig of terugsit;
(13) kampongs, latrines, buitegeboue of ander geboue of strukture wit of ontsmet;
(14) met die hand laai of aflaai;
(15) klip, grond, klei, sand of ander soortgelyke materiaal losmaak, uithaal, breek of sprei, of vore, gate of fondamente graaf of ander uitgraafwerk doen, op 'n ander wyse as deur middel van 'n krag- of masjienaangedrewe werktuig;
(16) vure maak, aan die brand hou of uithaal, of vuilgoed of as verwyder;
(17) tee of 'n soortgelyke drank maak;
(18) messelklei, beton, klip of aardpik met die hand meng of enige sodanige materiaal met 'n skopgraaf, hark, vurk of kruiwa sprei;
(19) spore of nie-kragaangedrewe masjinerie of voertuie olie of smeer;
(20) deure, kiste, pakke, bale of sakke oopmaak;
(21) met 'n nie-kragaangedrewe hystoestel werk;
(22) met 'n handpomp werk;
(23) 'n voertuig stoot of trek op 'n ander wyse as deur middel van 'n meganiese toestel;
(24) koekepanne rem;
(25) verbande en ander artikels was;

„assistent-vergruiserbediener" 'n werknemer wat onder die algemene toesig van 'n vergruiserbediener enige van die pligte van 'n vergruiserbediener verrig en gedurende sy afwesigheid vir hom mag waarneem;

„assistent-groeweopsigter" 'n werknemer wat onder die algemene toesig van 'n groeweopsigter enige van die pligte van 'n groeweopsigter verrig en gedurende sy afwesigheid vir hom mag waarneem;

„bedryfsinrigting" 'n perseel waarop of in verband waarmee een of meer werknemers in die Klipvergruisingsnywerheid in diens is;

„bestuurder van 'n motorvoertuig" 'n werknemer wat 'n motorvoertuig bestuur, en by die toepassing van hierdie woordomskrywing omvat die uitdrukking 'n motorvoertuig bestuur" alle tyd wat vir die bestuur gebruik word, alle tyd wat die bestuurder aan werk in verband met die voertuig of die vrag bestee en alle tyd waarin hy verplig is om op sy pos gereed te bly om te bestuur;

„bestuurder van 'n motorvoertuig, klas I," 'n bestuurder van 'n motorvoertuig wat die voertuig buite 'n bedryfsinrigting bestuur;

„bestuurder van 'n motorvoertuig, klas II," 'n bestuurder van 'n motorvoertuig wat die voertuig uitsluitend binne 'n bedryfsinrigting bestuur, daarby inbegrepe die direkte oorsteek van 'n openbare pad;

„chauffeur" 'n werknemer wat 'n motorvoertuig bestuur wat vir die vervoer van passasiers bedoel is en wat vir die vervoer van sy werkgewer, of van personeel, klante of besoekers gebruik word;

„dag" die tydperk van vier-en-twintig uur vanaf middernag tot middernag;

„deeltydse bestuurder van 'n motorvoertuig" 'n werknemer wat in die reël ander werk doen as 'n motorvoertuig bestuur maar wat op meer as twee dae in enige week 'n motorvoertuig altesaam hoogstens drie uur op so 'n dag bestuur, en by die toepassing van hierdie woordomskrywing omvat die uitdrukking „'n motorvoertuig bestuur" alle tyd waarin bestuur word en alle tyd wat die bestuurder, terwyl hy in beheer oor die voertuig is, aan werk in verband met die voertuig of die vrag bestee;

„eie gewig" die gewig van 'n motorvoertuig of sleepwa soos aangegee in 'n lisensie of sertifikaat ten opsigte van so 'n motorvoertuig of sleepwa uitgereik deur 'n owerheid wat by wet gemagtig is om lisensies ten opsigte van motorvoertuie uit te reik: Met dien verstande dat die eie gewig van 'n motorvoertuig wat nie geregistreer of gelisensieer hoef te word nie, die gewig is wat die vervaardiger daarvan opgee;

"artisan's assistant" means an employee who assists an artisan by holding articles or tools or otherwise working with him without using the tools independently;

"labourer" means an employee who is engaged in any one or more of the following operations:—

(1) Breaking or sorting, but not grading, scrap metal;
(2) cleaning premises, plant, machinery, implements, tools, utensils or vehicles;
(3) collecting or delivering letters, messages or goods within an establishment on foot or by means of any non-power-driven cycle or vehicle;
(4) coupling or uncoupling cocopans;
(5) cutting down, destroying or removing trees or vegetation;
(6) demolishing buildings or other structures;
(7) drilling by hand;
(8) feeding into or taking off from machines, conveyors or hoppers;
(9) gardening work, i.e. planting, digging, mowing, weeding, raking or watering or spreading or mixing garden soil or material or cutting or trimming hedges;
(10) keeping count of cocopans by means of tallies;
(11) lifting, moving, carrying or stacking goods or material by hand;
(12) lifting or replacing cocopan tracks or derailed cocopans;
(13) lime-washing or disinfecting compounds, latrines, outbuildings or other buildings or structures;
(14) loading or unloading by hand;
(15) loosening, taking out, breaking or spreading stone, soil, clay, sand or other similar material or digging trenches, holes, foundations or doing other excavation work, otherwise than by means of a power-driven or mechanically operated tool;
(16) making, maintaining or drawing fires or removing refuse or ashes;
(17) making tea or similar beverages;
(18) mixing mortar, concrete, stone or bitumen by hand or spreading any such materials by shovel, rake, fork or barrow;
(19) oiling or greasing rails or non-power-driven machinery or vehicles;
(20) opening or closing doors, boxes, packages, bales, sacks or bags;
(21) operating a non-power-driven hoist;
(22) operating a hand pump;
(23) pushing or pulling any vehicle, otherwise than by means of a mechanical device;
(24) braking cocopans;
(25) washing bandages and other articles;

"assistant crusherman" means an employee who, under the general supervision of a crusherman, performs any of the duties of a crusherman and who may act for him during his absence;

"assistant quarryman" means an employee who, under the general supervision of a quarryman, performs any of the duties of a quarryman and who may act for him during his absence;

"establishment" means any premises in or in connection with which one or more employees are employed in the Stone-crushing Industry;

"driver of a motor vehicle" means an employee who is engaged in driving a motor vehicle, and for the purpose of this definition the expression "driving a motor vehicle" includes all periods of driving and any time spent by the driver on work connected with the vehicle or the load and all periods during which he is obliged to remain at his post in readiness to drive;

"driver of a motor vehicle, class I," means a driver of a motor vehicle who drives the vehicle outside an establishment;

"driver of a motor vehicle, class II," means a driver of a motor vehicle who drives the vehicle exclusively within an establishment, including the direct crossing of a public road;

"chauffeur" means an employee who is engaged in driving a motor vehicle which is intended to carry passengers and used for the conveyance of his employer or of staff, clients or visitors;

"day" means the period of twenty-four hours from midnight to midnight;

"part-time driver of a motor vehicle" means an employee who is ordinarily engaged on duties other than driving a motor vehicle but who on more than two days in any week is engaged in driving a motor vehicle for not more than three hours in the aggregate on any such day, and for the purpose of this definition the expression "driving a motor vehicle" includes all periods of driving and any time spent by the driver, while in charge of the vehicle, on work connected with the vehicle or the load;

"unladen weight" means the weight of any motor vehicle or trailer as recorded in a licence or certificate issued in respect of such motor vehicle or trailer by any authority empowered by law to issue licences in respect of motor vehicles: Provided that the unladen weight of a motor vehicle which is not required to be registered or licensed shall be the weight of such vehicle as specified by the maker;

„ fabrieksklerk " 'n werknemer wat onder algemene toesig een of meer van ondergemelde pligte uitvoer—

(1) tel, kontroleer, weeg, meet of opskryf;
(2) Naturelletale vertolk of vertaal;
(3) passe, diensertifikate of tydkaarte uitreik of die indiensneming of ontslag van werknemers opteken;
(4) tyd- of loonkaarte byhou, liasseer of sorteer;
(5) kaarte stempel;
(6) fakture, afleweringsbriewe of vragbriewe uitskryf;

„ fabrieksklerk, gekwalifiseerd," 'n fabrieksklerk met minstens twaalf maande ondervinding;

„ fabrieksklerk, ongekwalifiseerd," 'n fabrieksklerk met minder as twaalf maande ondervinding;

„ gereedskapklerk " 'n werknemer wat gereedskap, toerusting of onderdele ontvang, kontroleer, opberg of uitreik;

„ gereedskapklerk, gekwalifiseerd," 'n gereedskapklerk met minstens drie jaar ondervinding;

„ gereedskapklerk, ongekwalifiseerd," 'n gereedskapklerk met minder as drie jaar ondervinding;

„ graafmasjienbestuurder, klas I," 'n werknemer wat met 'n kragaangedrewe graafmasjien, sleepgraaf of meganiese skop werk met 'n gryper- of grypbakkapasiteit van meer as een kubieke jaart volgens die voorskrifte van die vervaardiger;

„ graafmasjienbestuurder, klas I, gekwalifiseerd," 'n graafmasjienbestuurder, klas I, met minstens ses maande ondervinding;

„ graafmasjienbestuurder, klas I, ongekwalifiseerd," 'n graafmasjienbestuurder, klas I, met minder as ses maande ondervinding;

„ graafmasjienbestuurder, klas II," 'n werknemer wat met 'n kragaangedrewe graafmasjien, sleepgraaf of meganiese skop werk met 'n gryper- of grypbakkapasiteit van hoogstens een kubieke jaart volgens die voorskrifte van die vervaardiger;

„ graafmasjienbestuurder, klas II, gekwalifiseerd," 'n graafmasjienbestuurder, klas II, met minstens ses maande ondervinding;

„ graafmasjienbestuurder, klas II, ongekwalifiseerd," 'n graafmasjienbestuurder, klas II, met minder as ses maande ondervinding;

„ groeweopsigter " 'n werknemer wat in beheer is van die werksaamhede in 'n groef (met inbegrip van die skiet, boor, uitgraaf en laai) en die werknemers wat by sodanige werksaamhede betrokke is;

„ groepleier " 'n werknemer wat in beheer is van 'n groep van een of meer van die volgende klasse werknemers, naamlik, werknemers graad I, werknemers graad II of werknemers graad III, en wat daarbenewens oor 'n groep arbeiders in beheer mag wees;

„ indoena " 'n werknemer wat 'n kampongbestuurder help om die sindelikheid en tug in 'n kampong te handhaaf;

„ installasiebediener " 'n werknemer wat verantwoordelik is vir die vergruis of sif van klip in 'n afdeling van die masjinerie wat vir die een of die ander sodanige doel gebruik word;

„ kampongbestuurder " 'n werknemer wat in beheer is van 'n kampong en verantwoordelik is vir die sindelikheid van die kampong en die tug onder die persone wat in die kampong gehuisves word;

„ keteloppasser " 'n werknemer wat onder algemene toesig die waterpeil en stoomdruk in 'n stoomketel in stand hou en wat die vuur in so 'n ketel mag maak, stook of uithaal;

„ klerk " 'n werknemer wat skryf, tik- of enige ander soort klerklike werk verrig en omvat dit ook 'n kassier en 'n skakelbordtelefonis maar geen ander klas werknemer wat elders in hierdie klousule omskryf word nie, ook al vorm klerklike werk 'n deel van so 'n werknemer se werk;

„ klerk, man, gekwalifiseerd," 'n manlike klerk met minstens vyf jaar ondervinding;

„ klerk, man, ongekwalifiseerd," 'n manlike klerk met minder as vyf jaar ondervinding;

„ klerk, vrou, gekwalifiseerd," 'n vroulike klerk met minstens vier jaar ondervinding;

„ klerk, vrou, ongekwalifiseerd," 'n vroulike klerk met minder as vier jaar ondervinding;

„ klipvergruisingsnywerheid " die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir—

(i) die vergruising van klip;
(ii) die uitgrawe of win van klip ter vergruising indien uitgevoer deur werkgewers wat by die vergruising van sodanige klip betrokke is;

en omvat alle werksaamhede wat met een of albei van voornoemde bedrywighede in verband staan of daaruit voortspruit;

„ korttyd " 'n tydelike vermindering van die getal gewone werkure te wyte aan weersomstandighede, 'n slapte in die bedryf, 'n tekort aan spoorwaens of grondstof, die defek raak van 'n installasie of masjinery, of 'n elektriese kragonderbreking;

„ loon " die geldbedrag wat ingevolge klousule 3 (1) aan 'n werknemer betaalbaar is ten opsigte van sy gewone werkure soos by klousule 5 voorgeskryf: Met dien verstande—

(i) dat as 'n werkgewer 'n werknemer vir sodanige gewone werkure gereeld 'n hoër bedrag betaal as dié wat in klousule 3 (1) voorgeskryf word, dit dié hoër bedrag beteken;
(ii) dat die eerste voorbehoudsbepaling nie so uitgelê word dat dit enige besoldiging raak of omvat wat 'n werknemer, in diens op 'n basis waarvoor klousule 9 voorsiening maak, ontvang het bo en behalwe die bedrag wat hy sou ontvang het as hy nie op sodanige basis in diens was nie;

„ los werknemer " 'n werknemer wat hoogstens drie dae in enige week by dieselfde werkgewer in diens is;

" factory clerk " means an employee who, under general supervision, performs any one or more of the following duties:—

(1) Counting, checking, weighing, measuring or recording;
(2) interpreting or translating Native languages;
(3) issuing passes, certificates of service or time cards or registering the engagement or discharge of employees;
(4) keeping, filing or sorting time or wage cards;
(5) stamping tickets;
(6) making out invoices, delivery notes or consignment notes;

" factory clerk, qualified," means a factory clerk who has had not less than 12 months' experience;

" factory clerk, unqualified," means a factory clerk who has had less than 12 months' experience;

" tool clerk " means an employee who is engaged in receiving, checking, storing or issuing tools, equipment or spare parts;

" tool clerk, qualified," means a tool clerk who has had not less than three years' experience;

" tool clerk, unqualified," means a tool clerk who has had less than three years' experience;

" excavator driver, class I," means an employee who is engaged in operating a power-driven excavator, dragline or mechanical shovel with a grab or bucket capacity exceeding one cubic yard, according to the maker's specifications;

" excavator driver, class I, qualified," means an excavator driver, class I, who has had not less than six months' experience;

" excavator driver, class I, unqualified," means an excavator driver, class I, who has had less than six months' experience;

" excavator driver, class II," means an employee who is engaged in operating a power-driven excavator, dragline or mechanical shovel with a grab or bucket capacity of one cubic yard or less, according to the maker's specifications;

" excavator driver, class II, qualified," means an excavator driver, class II, who has had not less than six months' experience;

" excavator driver, class II, unqualified," means an excavator driver, class II, who has had less than six months' experience;

" quarryman " means an employee who is in charge of the operations in a quarry (including blasting, drilling, excavating and loading) and the employees engaged on such operations;

" leading hand " means an employee who is in charge of a group of one or more of the following classes of employees, namely, grade I employees, grade II employees or grade III employees and who, in addition, may be in charge of a group of labourers;

" induna " means an employee who assists a compound manager in maintaining cleanliness and discipline in a compound;

" plant operator " means an employee who is responsible for the crushing or screening of stone on a section of the machinery used for either of such purposes;

" compound manager " means an employee who is in charge of a compound and responsible for the cleanliness of the compound and the discipline of the persons housed in the compound;

" boiler attendant " means an employee who, under general supervision, maintains the water level and the steam pressure in a boiler and who may make, maintain or draw the fire in such boiler;

" clerk " means an employee who is engaged in writing, typing or in any other form of clerical work and includes a cashier and a telephone switchboard operator, but does not include any other class of employee elsewhere defined in this clause notwithstanding the fact that clerical work may form a portion of such employee's work;

" clerk, male, qualified," means a male clerk who has had not less than five years' experience;

" clerk, male, unqualified," means a male clerk who has had less than five years' experience;

" clerk, female, qualified," means a female clerk who has had not less than four years' experience;

" clerk, female, unqualified," means a female clerk who has had less than four years' experience;

" Stonecrushing Industry " means the industry in which employers and employees are associated for—

(i) the crushing of stone;
(ii) the quarrying or winning of stone for crushing if carried on by employers who are engaged in crushing such stone; and includes all operations incidental to or consequent on either or both of the aforesaid activities;

" short-time " means a temporary reduction in the number of ordinary hours of work owing to the vagaries of the weather, slackness of trade, shortage of railway trucks or raw material, a breakdown of plant or machinery or a breakdown in the supply of electric power;

" wage " means the amount of money payable to an employee in terms of clause 3 (1) in respect of his ordinary hours of work as prescribed in clause 5: Provided—

(i) that, if an employer regularly pays an employee in respect of such ordinary hours of work an amount higher than that prescribed in clause 3 (1), it means such higher amount;
(ii) that the first proviso shall not be construed so as to refer to or include any remuneration which an employee, who is employed on any basis provided for in clause 9, received over and above the amount which he would have received if he had not been employed on such a basis;

" casual employee " means an employee who is employed by the same employer on not more than three days in any week;

„masjienoppasser" 'n werknemer wat by masjinery wat vir die vergruis of sif van klip gebruik word, die toevoer van materiaal van een punt na 'n ander reguleer of by sodanige masjinerie oplet na onderbrekings of beskadiging en wat om so 'n oorsaak die masjien mag aanskakel of afskakel;

„militêre opleiding" die ononderbroke opleiding waartoe 'n werknemer ingevolge artikel *een-en-twintig*, gelees met subartikels (1) en (2) van artikel *twee-en-twintig*, van die Verdedigingswet, 1957, verplig word, maar omvat dit geen opleiding wat hy ingevolge artikel *drie-en-twintig* van gemelde Wet uit eie keuse ondergaan nie asook geen ander opleiding of diens wat hy vrywillig of uit eie keuse ondergaan nie;

„motorvoertuig" 'n kragaangedrewe voertuig wat vir die vervoer van goedere gebruik word en omvat dit ook 'n voorhaker, 'n trekker, 'n trakskavateur, 'n stootskraper, 'n self-aangedrewe padskraper en 'n stortwa, maar nie 'n mobiele hystoestel, 'n graafmasjien of 'n kragaangedrewe twee- of driewielfiets nie;

„noodwerk" alle werk wat weens onvoorsiene omstandighede soos brand, storm, ongeluk, die defek raak van 'n installasie of masjinerie, 'n elektriese kragonderbreking, epidemie, gewelddaad of diefstal sonder versuim gedoen moet word en alle werk in verband met—

(i) die laai of aflaai van spoorwaens of voertuie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens;
(ii) die nasien of herstel van installasie of masjinerie wat nie binne die gewone werkure gedoen kan word nie;

„ondervinding" met betrekking tot—

(*a*) 'n klerk of 'n graafmasjienbestuurder, die totale tydperk of tydperke diens wat 'n werknemer onderskeidelik as klerk of graafmasjienbestuurder in enige bedryf of in diens van die Staat gehad het;
(*b*) elke ander klas werknemer, die totale tydperk of tydperke diens wat hy as werknemer van sy klas in die Klipvergruisingsnywerheid gehad het;

„ploegbaas" 'n werknemer wat in beheer van 'n groep arbeiders is;

„sanitêre werker" 'n werknemer wat sanitêre emmers verwyder, leegmaak, skoonmaak of terugsit of rioolpype of -punte oopmaak;

„senior besturende, professionele of administratiewe werknemer" 'n werknemer wat deur die werkgewer belas is met werk wat die verantwoordelikheid meebring om by die uitvoering van die bedryfsinringting se werksaamhede besluite van professionele of administratiewe aard te neem;

„sleepwa" 'n voertuig wat deur 'n motorvoertuig getrek word;

„stukwerk" iedere stelsel waarby 'n werknemer se besoldiging op die hoeveelheid gedane werk gebaseer is;

„vergruiserbediener" 'n werknemer wat in beheer is van die masjinerie vir die vergruis of sif van klip en wat oor die ander werknemers wat by sodanige masjinerie werk die gesag voer;

„wag" 'n werknemer wat persele of ander eiendom bewaak;

„werknemer graad I" 'n werknemer wat in een of meer van ondergemelde hoedanighede of werksaamhede werksaam is—

(1) bediener van 'n lugkompressor;
(2) noodhulp- of hospitaalordonnans;
(3) met 'n boormasjien, uitgesonderd 'n hamerboor, werk;

„werknemer graad I, gekwalifiseerd," 'n werknemer graad I met minstens ses maande ondervinding;

„werknemer graad I, ongekwalifiseeerd," 'n werknemer graad I met minder as ses maande ondervinding;

„werknemer graad II" 'n werknemer wat in een of meer van ondervermelde hoedanighede of werksaamhede werksaam is—

(1) wiele omruil of bandlekke heelmaak;
(2) die brandstof, olie of water in motorvoertuie nasien of aanvul;
(3) die getal kokepanne op 'n ander wyse as met 'n telbord byhou;
(4) kokepanspore onder toesig lê of vasbout;
(5) kragaangedrewe masjiene of voertuie olie of smeer;
(6) met 'n hamerboor, 'n drukluggraaf of -pik werk;
(7) keteloppasser;
(8) wag;
(9) met 'n kragaangedrewe pomp werk;
(10) met 'n kragaangedrewe windas werk;
(11) met 'n bakhyser werk;
(12) met 'n skraper werk;
(13) batterye van motorvoertuie uithaal, laai of terugsit of sulke batterye opvul;

„werknemer graad II, gekwalifiseerd," 'n werknemer graad II met minstens drie maande ondervinding;

„werknemer graad II, ongekwalifiseerd," 'n werknemer graad II met minder as drie maande ondervinding;

„werknemer graad III" 'n werknemer wat in een of meer van ondergemelde hoedanighede of werksaamhede werksaam is;

(1) ambagsman se handlanger;
(2) rantsoene kook;
(3) boodskappe, briewe of goedere te voet of per niekragaangedrewe fiets of voertuig buite 'n bedryfsinrigting aflewer;
(4) masjienoppasser;
(5) handlanger van 'n rots- of hamerboorwerker;
(6) lonte aansteek;
(7) sanitêre werker;

„wet" ook die gemene reg.

"machine watcher" means an employee who, on machinery used for the crushing or screening of stone, is engaged in regulating the flow of material from one point to another on such machinery or in watching such machinery for interruptions or damage and who for any such cause may start or stop the machine;

"military training" means the continuous training which an employee is required to undergo in terms of section *twenty-one*, read with sub-sections (1) and (2) of section *twenty-two*, of the Defence Act, 1957, but does not include any training he may elect to undergo in terms of section *twenty-three* of the said Act nor any other training or service for which he volunteers or which he elects to undergo;

"motor vehicle" means any power-driven vehicle used for conveying goods and includes a mechanical horse, a tractor, a traxcavator, a bulldozer, a self-propelled grader and a dumper but does not include a mobile hoist, an excavator or a power-driven two- or three-wheeled cycle;

"emergency work" means any work which, owing to unforeseen circumstances such as fire, storm, accident, breakdown of plant or machinery, electric power failure, epidemic, act of violence or theft, must be done without delay and any work connected with—

(i) the loading or unloading of trucks or vehicles of the South African Railways and Harbours;
(ii) the overhauling or repairing of plant or machinery which cannot be performed during ordinary working hours;

"experience" means in relation to—

(*a*) a clerk or an excavator driver, the total period or periods of employment which an employee has had as a clerk or an excavator driver, respectively, in any trade or in the service of the State;
(*b*) any other class of employee, the total period or periods of employment which an employee has had in his class in the Stonecrushing Industry;

"chargehand" means an employee who is in charge of a group of labourers;

"sanitation employee" means an employee who is engaged in removing, emptying, cleaning or replacing sanitary pails or clearing sewerage pipes or points;

"senior managerial, professional or administrative employee" means an employee who is charged by the employer with the performance of work entailing responsibility for taking decisions of a professional or administrative character in the conduct of the activities of an establishment;

"trailer" means any conveyance drawn by a motor vehicle;

"piece-work" means any system under which an employee's remuneration is based on the quantity of work done;

"crusherman" means an employee who is in charge of the machinery used for the crushing or screening of stone and who exercises control over the other employees employed on such machinery;

"watchman" means an employee who is engaged in guarding premises or other property;

"grade I employee" means an employee who is engaged in any one or more of the following capacities or operations:—

(1) Air compressor attendant;
(2) first-aid or hospital orderley;
(3) operating a drilling machine, other than a jackhammer;

"grade I employee, qualified," means a grade I employee who has had not less than six months' experience;

"grade I employee, unqualified," means a grade I employee who has had less than six months' experience;

"grade II employee" means an employee who is engaged in any one or more of the following capacities or operations:—

(1) Changing wheels or mending punctures;
(2) checking or topping up the fuel, oil or water in motor vehicles;
(3) keeping count of cocopans, other than by means of tallies;
(4) laying or bolting cocopan tracks under supervision;
(5) oiling or greasing power-driven machines or vehicles;
(6) operating a jackhammer, pneumatic spade or pneumatic pick;
(7) boiler attendant;
(8) watchman;
(9) operating a power-driven pump;
(10) operating a power-driven winch;
(11) operating a skip hoist;
(12) operating a scraper;
(13) removing, charging or replacing batteries of motor vehicles or topping up such batteries;

"grade II employee, qualified," means a grade II employee who has had not less than three months' experience;

"grade II employee, unqualified," means a grade II employee who has had less than three months' experience;

"grade III employee" means an employee who is engaged in any one or more of the following capacities or operations:—

(1) Artisan's assistant;
(2) cooking rations;
(3) delivering messages, letters or goods outside an establishment on foot or by means of any non-power-driven cycle or vehicle;
(4) machine watcher;
(5) rockdrill or jackhammer spanner hand;
(6) lighting fuses;
(7) sanitation employee;

"law" includes the common law.

3. BESOLDIGING.(1)

(1) Die minimum loon wat 'n werkgewer aan elkeen van sy werknemers in ondergenoemde klasse moet betaal, word hieronder uiteengesit:—

(*a*) *Werknemers uitgesonderd los werknemers.*

(i)

	In die Landdrosdistrikte Delmas, Klerksdorp, Kroonstad, Odendaalsrus, Paarl, Potchefstroom, Somerset-Wes, Stellenbosch, Virginia en Wellington.	In alle ander gebiede.
	Per week. R	Per week. R
Algemene werksman	12.00	14.49
Ambagsman	22.45	26.45
Assistent-groeweopsigter	18.75	22.45
Assistent-vergruiserbediener	18.75	22.45
Vergruiserbediener	22.45	26.45
Chauffeur	7.75	9.50
Fabrieksklerk, gekwalifiseerd	8.75	10.75
Fabrieksklerk, ongekwalifiseerd—		
Gedurende die eerste ses maande ondervinding	7.50	9.10
Gedurende die tweede ses maande ondervinding	7.85	9.90
Gereedskapklerk, gekwalifiseerd	12.00	14.50
Gereedskapklerk, ongekwalifiseerd—		
Gedurende die eerste jaar ondervinding	7.00	8.00
Gedurende die tweede jaar ondervinding	8.50	10.00
Gedurende die derde jaar ondervinding	10.00	12.00
Graafmasjienbestuurder, klas I, gekwalifiseerd	19.46	23.46
Graafmasjienbestuurder, klas I, ongekwalifiseerd	17.00	21.00
Graafmasjienbestuurder, klas II, gekwalifiseerd	15.96	18.46
Graafmasjienbestuurder, klas II, ongekwalifiseerd	13.50	16.00
Groeweopsigter	22.45	26.45
Installasiebediener	12.00	14.49
Kampongbestuurder	22.45	26.45
Klerk, man, gekwalifiseerd	19.10	23.10
Klerk, man, ongekwalifiseerd—		
Gedurende die eerste jaar ondervinding	7.50	9.23
Gedurende die tweede jaar ondervinding	9.82	12.00
Gedurende die derde jaar ondervinding	12.14	14.77
Gedurende die vierde jaar ondervinding	14.36	17.55
Gedurende die vyfde jaar ondervinding	16.68	20.31
Klerk, vrou, gekwalifiseerd	13.50	15.69
Klerk, vrou, ongekwalifiseerd—		
Gedurende die eerste jaar ondervinding	6.50	8.54
Gedurende die tweede jaar ondervinding	8.25	10.32
Gedurende die derde jaar ondervinding	10.00	12.12
Gedurende die vierde jaar ondervinding	11.75	13.90
Bestuurder van 'n motorvoertuig, klas I, wanneer die motorvoertuig sy eie gewig tesame met die eie gewig van enige sleepwa wat deur sodanige voertuig gesleep word—		
(i) hoogstens 10,000 lb. is	15.50	17.65
(ii) oor 10,000 lb. is	18.65	20.80
Deeltydse bestuurder van 'n motorvoertuig, klas I	8.25	10.35
Bestuurder van 'n motorvoertuig, klas II, wanneer die motorvoertuig sy eie gewig tesame met die eie gewig van enige sleepwa wat deur sodanige voertuig gesleep word—		
(i) hoogstens 10,000 lb. is	11.25	13.25
(ii) oor 10,000 lb. is	13.60	15.60
Deeltydse bestuurder van 'n motorvoertuig, klas II	6.00	7.35

(1) Soos in alinea 78 van die Raad se verslag vermeld word, rus die aanbeveling oor lone op die veronderstelling dat Sy Edele die Minister van Arbeid algehele vrystelling van die Regulasies op Lewenskostetoelaes, uitgevaardig ingevolge Oorlogsmaatreël No. 43 van 1942, sal verleen, met ander woorde die Raad se aanbeveling veronderstel die konsolidering van die duurtetoeslag met die loon.

3. REMUNERATION.(1)

(1) The minimum wage which an employer shall pay to each member of the undermentioned classes of his employees shall be as set out hereunder:—

(*a*) *Employees, other than casual employees.*

(i)

	In the Magisterial Districts of Delmas, Klerksdorp, Kroonstad, Odendaalsrus, Paarl, Potchefstroom, Somerset West, Stellenbosch, Virginia and Wellington.	In all other areas.
	Per week. R	Per week. R
Handyman	12.00	14.49
Artisan	22.45	26.45
Assistant crusherman	18.75	22.45
Assistant quarryman	18.75	22.45
Crusherman	22.45	26.45
Chauffeur	7.75	9.50
Factory clerk, qualified	8.75	10.75
Factory clerk, unqualified—		
during the first six months of experience	7.50	9.10
during the second six months of experience	7.85	9.90
Tool clerk, qualified	12.00	14.50
Tool clerk, unqualified—		
during the first year of experience	7.00	8.00
during the second year of experience	8.50	10.00
during the third year of experience	10.00	12.00
Excavator driver, class I, qualified	19.46	23.46
Excavator driver, class I, unqualified	17.00	21.00
Excavator driver, class II, qualified	15.96	18.46
Excavator driver, class II, unqualified	13.50	16.00
Quarryman	22.45	26.45
Plant operator	12.00	14.49
Compound manager	22.45	26.45
Clerk, male, qualified	19.10	23.10
Clerk, male, unqualified—		
during the first year of experience	7.50	9.23
during the second year of experience	9.82	12.00
during the third year of experience	12.14	14.77
during the fourth year of experience	14.36	17.55
during the fifth year of experience	16.68	20.31
Clerk, female, qualified	13.50	15.69
Clerk, female, unqualified—		
during the first year of experience	6.50	8.54
during the second year of experience	8.25	10.32
during the third year of experience	10.00	12.12
during the fourth year of experience	11.75	13.90
Driver of a motor vehicle, class I, the unladen weight of which together with the unladen weight of any trailer drawn by such vehicle—		
(i) does not exceed 10,000 lb	15.50	17.65
(ii) exceeds 10,000 lb	18.65	20.80
Part-time driver of a motor vehicle, class I	8.25	10.35
Driver of a motor vehicle, class II, the unladen weight of which together with the unladen weight of any trailer drawn by such vehicle—		
(i) does not exceed 10,000 lb	11.25	13.25
(ii) exceeds 10,000 lb	13.60	15.60
Part-time driver of a motor vehicle, class II	6.00	7.35

(1) NOTE.—As indicated in paragraph 78 of the Board's report, the recommendation in respect of wages is based on the assumption that the Honourable the Minister of Labour will grant total exemption from the Cost of Living Allowance Regulations framed under War Measure No. 43 of 1942, i.e., the Board's recommendation implies the consolidation of the cost of living allowance with the wage.

(ii)

	In die Landdros-distrikte Bellville, die Kaap, Simonstad en Wynberg.	In die Landdros-distrikte Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Port Elizabeth, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark en Vereeniging.	In die Landdros-distrikte Durban, Inanda, Pinetown, Paarl, Somerset-Wes, Stellenbosch en Wellington.	In die Landdros-distrikte Bloemfontein, Oos-Londen, Kimberley, Klerksdorp, Kroonstad, Odendaalsrus, Pietermaritzburg, Virginia en Welkom.	In die Landdros-distrikte Potchefstroom en Delmas.
	Per week. R	Per week. R	Per week. R	Per week. R	Per week. R
Groepleier	8.40	8.00	7.80	7.30	6.05
Indoena	7.50	6.80	6.60	6.10	4.85
Ploegbaas	8.15	7.45	7.25	6.75	5.50
Werknemer, graad I, gekwalifiseerd	7.40	6.70	6.50	6.00	4.75
Werknemer, graad I, ongekwalifiseerd—					
Gedurende die eerste ses maande onder-vinding	7.80	7.10	6.90	6.40	5.15
Gedurende die tweede ses maande onder-vinding	7.40	6.70	6.50	6.00	4.75
Werknemer, graad II, gekwalifiseerd	6.90	6.20	6.00	5.50	4.25
Werknemer, graad II, ongekwalifiseerd	7.20	6.50	6.30	5.80	4.55
Werknemer, graad III	6.90	6.20	6.00	5.50	4.25
Arbeider, agtien jaar en ouer	5.18	4.65	4.50	4.13	3.19
Arbeider, jonger as agtien jaar					
Werknemer wat nie elders in hierdie klousule uitdruklik vermeld word nie	7.40	6.70	6.50	6.00	4.75

(ii)

	In the Magisterial Districts of Bellville, the Cape, Simonstown and Wynberg.	In the Magisterial Districts of Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Port Elizabeth, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark and Vereeniging.	In the Magisterial Districts of Durban, Inanda, Pinetown, Paarl, Somerset West, Stellenbosch and Wellington.	In the Magisterial Districts of Bloemfontein, East London, Kimberley, Klerksdorp, Kroonstad, Odendaalsrus, Pietermaritzburg, Virginia and Welkom.	In the Magisterial Districts of Potchefstroom and Delmas.
	Per week. R	Per week. R	Per week. R	Per week. R	Per week. R
Leading hand	8.40	8.00	7.80	7.30	6.05
Induna	7.50	6.80	6.60	6.10	4.85
Chargehand	8.15	7.45	7.25	6.75	5.50
Grade I employee, qualified	7.40	6.70	6.50	6.00	4.75
Grade I employee, unqualified—					
during the first six months of experience	7.80	7.10	6.90	6.40	5.15
during the second six months of experience	7.40	6.70	6.50	6.00	4.75
Grade II employee, qualified	6.90	6.20	6.00	5.50	4.25
Grade II employee, unqualified	7.20	6.50	6.30	5.80	4.55
Grade III employee	6.90	6.20	6.00	5.50	4.25
Labourer, of the age of 18 years or over	5.18	4.65	4.50	4.13	3.19
Labourer, under the age of 18 years	7.40	6.70	6.50	6.00	4.75
Employee not specifically mentioned elsewhere in this clause					

(*b*) *Los werknemers.*—'n Los werknemer moet vir elke dag of deel van 'n dag diens minstens een-vyfde betaal word van die weekloon voorgeskryf vir 'n werknemer in dieselfde gebied en van dieselfde geslag, wat dieselfde klas werk verrig as wat van die los werknemer vereis word: Met dien verstande dat, as die werkgewer vereis dat sy los werknemer die werk verrig van 'n klas werknemer vir wie 'n loon teen 'n stygende skaal voorgeskryf word, die uitdrukking „weekloon" beteken die weekloon voorgeskryf vir 'n gekwalifiseerde werknemer van dié klas, en voorts met dien verstande dat, as die werkgewer vereis dat sy los werknemer 'n tydperk van hoogstens vier opeenvolgende ure op enige dag werk, sy loon met hoogstens vyftig persent verminder mag word.

(2) *Kontrakbasis.*—By die toepassing van hierdie klousule moet die dienskontrak van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, op 'n weeklikse grondslag berus en, behoudens die bepalings van klousule 4 (6), moet 'n werknemer vir 'n week minstens die volle weekloon betaal word wat in subklousule (1), gelees met subklousule (3), vir 'n werknemer van sy klas in die gebied waarin hy werk voorgeskryf word en wel ongeag die vraag of hy in so 'n week die maksimum getal gewone werkure wat ingevolge klousule 5 vir hom geld, dan wel minder, gewerk het.

(*b*) *Casual Employee.*—A casual employee shall be paid in respect of every day or part of a day of employment not less than one-fifth of the weekly wage prescribed for an employee in the same area and of the same sex who performs the same class of work as the casual employee is required to do: Provided that, where the employer requires a casual employee to perform the work of a class of employee for whom wages on a rising scale are prescribed, the expression "weekly wage" shall mean the weekly wage prescribed for a qualified employee of that class and provided further that where the employer requires his casual employee to work for a period of not more than four consecutive hours on any day, his wage may be reduced by not more than fifty per cent.

(2) *Basis of Contract.*—For the purpose of this clause the contract of employment of an employee, other than a casual employee, shall be on a weekly basis, and, save as provided in clause 4 (6), an employee shall be paid in respect of a week not less than the full weekly wage prescribed in sub-clause (1), read with sub-clause (3), for an employee of his class in the area in which he works, whether he has in that week worked the maximum number of ordinary hours of work applicable to him in terms of clause 5 or less.

(3) *Differensiële loon.*—'n Werkgewer wat vereis of toelaat dat 'n lid van een klas van sy werknemers langer as altesaam een uur op enige dag, hetsy benewens sy eie werk of in die plek daarvan, werk verrig van 'n ander klas waarvoor hetsy—

(*a*) 'n hoër loon as dié van sy eie klas; of
(*b*) 'n stygende loonskaal wat uitloop op 'n hoër loon as dié van sy eie klas;

in subklousule (1) voorgeskryf word, moet vir dié dag aan so 'n werknemer as volg betaal—

(i) in die geval in paragraaf (*a*) vermeld, minstens die dagloon bereken teen die hoër tarief; en
(ii) in die geval in paragraaf (*b*) vermeld, minstens die dagloon bereken op die kerf in die stygende skaal net bo die loon wat die werknemer vir sy gewone werk ontvang:

Met dien verstande—

(i) dat die bepalings van hierdie subklousule nie geld wanneer die verskil tussen die klasse ingevolge subklousule (1) op ouderdom, ondervinding of geslag berus nie;
(ii) dat, tensy daar in 'n skriftelike kontrak tussen 'n werkgewer en sy werknemer uitdruklik anders bepaal word, niks in hierdie Vasstelling só uitgelê mag word dat dit 'n werkgewer belet om te vereis dat 'n werknemer 'n ander klas werk verrig waarvoor die voorgeskrewe loon dieselfde of laer is as dié wat vir so 'n werknemer voorgeskryf word nie.

(4) *Loonberekening.*—(*a*) Die dagloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, is sy weekloon gedeel deur—

(i) vyf, as hy 'n werkweek van vyf dae het;
(ii) ses, in die geval van enige ander werknemer.

(*b*) Die maandloon van 'n werknemer is vier en 'n derde maal sy weekloon.

(*c*) Die uurloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, is sy weekloon gedeel deur 46.

4. BETALING VAN BESOLDIGING.

(1) *Werknemers uitgesonderd los werknemers.*—Behoudens die bepalings van klousule 6 (4), moet iedere bedrag verskuldig aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, weekliks in kontant of, as die werknemer daartoe instem, maandeliks in kontant betaal word gedurende die werkure of binne 60 minute na afloop van die werkdag op die dag waarop die bedryfsinrigting so 'n werknemer gewoonlik betaal, of by diensbeëindiging, as dit vóór die gewone betaaldag geskied, en sodanige bedrag moet in 'n koevert of houer wees waarop aangegee word of wat vergesel gaan van 'n staat wat aantoon—

(*a*) die werkgewer se naam;
(*b*) die werknemer se naam of sy nommer in die betaalstaat en sy klas werk;
(*c*) die getal gewone werkure wat die werknemer gewerk het;
(*d*) die getal ure wat die werknemer oortyd gewerk het;
(*e*) die werknemer se loon;
(*f*) die besonderhede omtrent enige ander besoldiging ter sake van die werknemer se diens;
(*g*) die besonderhede omtrent enige bedrae wat afgetrek is;
(*h*) die werklike bedrag wat aan die werknemer betaal word; en
(*i*) die tydperk waarvoor die betaling geskied;

en sodanige koevert of houer wat hierdie inligting verstrek of sodanige staat word die eiendom van die werknemer.

(2) *Los werknemer.*—'n werkgewer moet die besoldiging wat aan 'n los werknemer verskuldig is, by die beëindiging van sy diens aan hom in kontant betaal.

(3) *Premies.*—Geen bedrag mag regstreeks of onregstreeks vir die indiensneming of opleiding van 'n werknemer aan 'n werkgewer betaal of deur hom aangeneem word nie.

(4) *Koop van goedere.*—'n Werkgewer mag nie vereis dat sy werknemer van hom of van enige winkel, plek of persoon deur hom aangewys, goedere koop nie.

(5) *Kos en inwoning.*—Behoudens die bepalings van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, mag 'n werkgewer nie vereis dat sy werknemer by hom of by enige ander persoon of plek deur hom aangewys, eet of inwoon of eet en inwoon nie.

(6) *Aftrekkings.*—'n Werkgewer mag sy werknemer geen boetes oplê of bedrae van sy werknemer se besoldiging aftrek nie: Met dien verstande dat hy die volgende kan aftrek:—

(*a*) Met die toestemming van sy werknemer, 'n bedrag vir 'n vakansie-, siektebystands-, versekerings-, spaar-, voorsorg- of pensioenfonds, ledegelde van vakverenigings, inkomstebelasting of ander belastings wat deur die Sentrale Regering of 'n provinsiale raad gehef word of ledegelde vir 'n werknemer se ontspanningsklub indien sodanige klub op die werkgewer se perseel geleë is;
(*b*) behoudens andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling, telkens wanneer 'n werknemer om 'n ander rede as op las of versoek van sy werkgewer uit sy werk afwesig is, 'n bedrag eweredig aan die tydperk van sy afwesigheid en bereken op grondslag van die loon wat so 'n werknemer ten tyde van sodanige afwesigheid vir sy gewone werkure ontvang het;

(3) *Differential Wage.*—An employer who requires or permits a member of one class of his employees to perform for longer than one hour in the aggregate on any day, either in addition to his own work or in substitution thereof, work of another class for which either—

(*a*) a wage higher than that of his own class, or
(*b*) a rising scale of wages terminating in a wage higher than that of his own class,

is prescribed in sub-clause (1), shall pay to such employee in respect of that day—

(i) in the case referred to in paragraph (*a*), not less than the daily wage calculated at the higher rate; and,
(ii) in the case referred to in paragraph (*b*), not less than the daily wage calculated on the notch in the rising scale immediately above the wage which the employee was receiving for his ordinary work:

Provided—

(i) that the provisions of this sub-clause shall not apply where the difference between classes in terms of subclause (1) is based on age, experience or sex;
(ii) that, unless expressly otherwise provided in a written contract between an employer and his employee, nothing in this Determination shall be so construed as to preclude an employer from requiring an employee to perform work of another class for which class the same or a lower wage is prescribed than that prescribed for such employee.

(4) *Calculation of Wages.*—(*a*) The daily wage of an employee, other than a casual employee, shall be his weekly wage divided by—

(i) five, in the case of an employee who works a five-day week;
(ii) six, in the case of any other employee.

(*b*) The monthly wage of an employee shall be four and a third times his weekly wage.

(*c*) The hourly wage of an employee, other than a casual employee, shall be his weekly wage divided by 46.

4. PAYMENT OF REMUNERATION.

(1) *Employees other than Casual Employees.*—Save as provided in clause 6 (4), any amount due to an employee other than a casual emloyee shall be paid in cash weekly or, with the consent of the employee, monthly in cash during the hours of work or within 60 minutes of ceasing work on the usual pay day of the establishment for such employee or on termination of employment if this takes place before the usual pay day, and such amount shall be contained in an envelope or container, on which shall be recorded or which shall be accompanied by a statement showing—

(*a*) the employer's name;
(*b*) the employee's name or payroll number and occupation;
(*c*) the number of ordinary hours of work worked by the employee;
(*d*) the number of overtime hours worked by the employee;
(*e*) the employee's wage;
(*f*) the details of any other remuneration arising out of the employee's employment;
(*g*) the details of any deductions made;
(*h*) the actual amount paid to the employee; and
(*i*) the period in respect of which payment is made;

and such envelope or container on which these particulars are recorded or such statement shall become the property of the employee.

(2) *Casual Employee.*—An employer shall pay the remuneration due to a casual employee in cash on termination of his employment.

(3) *Premiums.*—No payment shall be made to or accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of an employee.

(4) *Purchase of Goods.*—An employer shall not require his employee to purchase any goods from him or from any shop, place or person nominated by him.

(5) *Board and Lodging.*—Save as provided in the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, an employer shall not require his employee to board or lodge or board and lodge with him or with any person or at any place nominated by him.

(6) *Deductions.*—An employer shall not levy any fines against his employee nor shall he make any deductions from his employee's remuneration: Provided that he may make the following:—

(*a*) With the written consent of his employee, a deduction for holiday, sick benefit, insurance, savings, provident or pension funds, subscriptions to trade unions, income tax or other taxes imposed by the Central Government or a provincial council or subscriptions to an employee's recreation club if such club is on the employer's premises;
(*b*) except where otherwise provided in this Determination, whenever an employee is absent from work, other than on the instructions or at the request of his employer, a deduction proportionate to the period of his absence and calculated on the basis of the wage which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time of such absence;

(*c*) iedere bedrag wat 'n werkgewer by wet of op bevel van 'n bevoegde hof verplig of toegelaat word om af te trek;

(*d*) wanneer 'n werknemer daarmee instem, of ingevolge die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, verplig word, om kos en inwoning of kos of inwoning van sy werkgewer aan te neem, 'n bedrag hoogstens gelyk aan onderstaande bedrae:—

	Per week. R	*Per maand.* R
(i) Kos	0.80	3.47
(ii) Inwoning	0.40	1.73
(iii) Kos en inwoning	1.20	5.20;

(*e*) wanneer die gewone werkure in klousule 5 voorgeskryf weens korttyd verminder word, 'n bedrag gelyk aan die werknemer (uitgesonderd 'n los werknemer) se uurloon vir elke uur van sodanige vermindering: Met dien verstande—

(i) dat geen aftrekking ten opsigte van korttyd wat deur 'n slapte in die bedryf of 'n tekort aan grondstowwe ontstaan, geskied nie, tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige werkdag kennis gegee het van sy voorneme om die gewone werkure te verminder;

(ii) dat ten opsigte van korttyd weens weersomstandighede, 'n tekort aan spoorwaens, of die feit dat die masjinerie of installasie uit orde is of die elektriese kragtoevoer onderbreek is, geen aftrekking geskied vir die eerste uur waarin daar nie gewerk word nie, tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige dag kennis gegee het dat daar geen werk sal wees nie;

(*f*) ten opsigte van 'n ander openbare vakansiedag as Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Geloftedag of Kersdag waarop die werknemer op eie versoek toegelaat word om nie te werk nie, 'n bedrag gelyk aan sy dagloon;

(*g*) met die skriftelike toestemming van 'n werknemer, iedere bedrag wat 'n werkgewer aan 'n munisipale raad of ander plaaslike bestuur betaal het aan huur van 'n huis, of aan huisvesting in 'n tehuis, wat die werknemer in 'n lokasie of Naturelledorp onder die beheer van so 'n raad of ander plaaslike bestuur bewoon.

5. WERKURE, GEWONE EN OORTYD-, EN DIE BETALING VIR OORTYD.

(1) *Gewone werkure.*—'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, meer gewone werkure werk nie as—

(*a*) in die geval van 'n werknemer wat ses dae in 'n week werk—

(i) ses-en-veertig in enige week van Maandag tot en met Saterdag; en

(ii) behoudens die bepalings van subparagraaf (i) hiervan, agt op 'n dag, tensy die ure op een dag hoogstens vyf is, wanneer die ure op enigeen van die orige dae tot agt en 'n half verleng kan word;

(*b*) in die geval van 'n werknemer wat vyf dae in 'n week werk—

(i) ses-en-veertig in enige week van Maandag tot en met Vrydag; en

(ii) behoudens die bepalings van subparagraaf (i) hiervan, nege en 'n kwart op enige dag.

(2) 'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat 'n los werknemer meer gewone werkure as agt en 'n half op 'n dag werk nie.

(3) *Etenspouses.*—'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat 'n werknemer meer as vyf uur aaneen werk sonder 'n etenspouse van minstens een uur waarin so 'n werknemer nie verplig of toegelaat mag word om enige werk te verrig nie, en dié pouse word geag geen deel van die gewone werkure of oortydwerk te vorm nie: Met dien verstande—

(i) dat werktye wat onderbreek word deur pouses van minder as 'n uur behalwe waar voorbehoud (iv) van toepassing is, geag word aaneen te loop;

(ii) dat, as so 'n pouse langer as 'n uur is, elke tydperk van meer as een en 'n kwart uur geag word tyd te wees waarin daar gewerk is;

(iii) dat 'n motorvoertuigbestuurder, klas I, wat in so 'n pouse geen ander werk verrig as om in die beheer van die voertuig te wees of te bly nie, by die toepassing van hierdie subklousule geag word in dié pouse nie te gewerk het nie;

(iv) dat 'n werkgewer met sy werknemer kan ooreenkom om die duur van so 'n etenspouse tot uiters 'n halfuur te verkort, en in dié geval en nadat die werkgewer 'n weergawe van dié ooreenkoms by die Afdelingsinspekteur, Departement van Arbeid, van sy gebied ingedien het, kan die etenspouse aldus verkort word.

(v) dat 'n werknemer aan wie op enige dag reeds 'n etenspouse ingevolge hierdie subklousule toegestaan is en wat op sodanige dag oortyd werk, verplig of toegelaat mag word om ná sodanige pouse 'n verdere tydperk van hoogstens ses uur aaneen te werk sonder 'n tweede sodanige etenspouse.

(4) *Werkure moet opeenvolgend wees.*—Behoudens die bepalings van subklousule (3), moet alle werkure van 'n werknemer op iedere dag op mekaar volg.

(5) *Oortyd.*—Alle tyd wat 'n werknemer langer as die getal gewone werkure in subklousules (1) en (2) voorgeskryf, gewerk het, word geag oortyd te wees.

(*c*) a deduction of any amount which an employer by any law or order of any competent court is required or permitted to make;

(*d*) whenever an employee agrees, or is required in terms of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, to accept board and lodging or board or lodging with his employer, a deduction not exceeding the amounts specified hereunder:—

	Per Week. R	*Per Month.* R
(i) Board	0.80	3.47
(ii) Lodging	0.40	1.73
(iii) Board and lodging	1.20	5.20;

(*e*) whenever the ordinary hours of work prescribed in clause 5 are reduced on account of short-time, a deduction to the amount of the employee's (other than a casual employee's) hourly wage in respect of each hour of such reduction: Provided—

(i) that no deduction shall be made in the case of short-time arising out of slackness of trade or shortage of raw materials, unless the employer has given his employee notice on the previous work day of his intention to reduce the ordinary hours of work;

(ii) that no deduction shall be made in the case of short-time owing to the vagaries of the weather, a shortage of railway trucks, breakdown of plant or machinery or a breakdown in the supply of electric power, in respect of the first hour not worked, unless the employer has given his employee notice on the previous day that no work will be available;

(*f*) a deduction of an amount equal to his daily wage in respect of any public holiday other than New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day, on which an employee at his own request is permitted not to work;

(*g*) with the written consent of an employee, a deduction of any amount which an employer has paid to any municipal council or other local authority in respect of the rent of any house or accommodation in any hostel occupied by such employee in any location or Native village under the control of such council or other local authority.

5. HOURS OF WORK, ORDINARY AND OVERTIME, AND PAYMENT FOR OVERTIME.

(1) *Ordinary Hours of Work.*—An employer shall not require or permit an employee, other than a casual employee, to work more ordinary hours of work than—

(*a*) in the case of an employee who works a six-day week—

(i) forty-six in any week from Monday to Saturday, inclusive; and

(ii) subject to sub-paragraph (i) hereof, eight on any day, unless the hours on one day dot not exceed five, in which case the hours on any of the other days may be extended to eight and one-half;

(*b*) in the case of an employee who works a five-day week—

(i) forty-six in any week from Monday to Friday, inclusive; and

(ii) subject to sub-paragraph (i) hereof, nine and one-quarter on any day.

(2) An employer shall not require or permit a casual employee to work more ordinary hours of work than eight and one-half on any day.

(3) *Meal Intervals.*—An employer shall not require or permit an employee to work for more than five hours continuously without a meal interval of not less than one hour during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall be deemed not to be part of the ordinary hours of work or overtime: Provided—

(i) that, except when proviso (iv) applies, periods of work interrupted by intervals of less than one hour shall be deemed to be continuous;

(ii) that, if such interval be longer than one hour, any period in excess of one and one-quarter hours shall be deemed to be time worked;

(iii) that a driver of a motor vehicle, class I, who during such interval does no work other than being or remaining in charge of the vehicle shall be deemed for the purposes of this sub-clause not to have worked during such interval;

(iv) that an employer may agree with his employee to reduce the period of such meal interval to not less than half an hour, and in that event and after the employer has lodged a statement of such agreement with the Divisional Inspector, Department of Labour, for his area, the meal interval may be so reduced;

(v) that an employee who on any day has already been granted a meal interval in terms of this sub-clause and who on such day works overtime, may be required or permitted to work continuously for a further period not exceeding six hours after such interval without a second such meal interval.

(4) *Hours of work to be consecutive.*—Save as provided in sub-clause (3), all hours of work of an employee on any day shall be consecutive.

(5) *Overtime.*—All time worked in excess of the number of ordinary hours of work prescribed in sub-clauses (1) and (2) shall be deemed to be overtime.

(6) *Beperking van oortyd.*—'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat 'n werknemer langer oortyd werk nie as—

(*a*) wat 'n los werknemer betref, twee uur op 'n dag;
(*b*) wat enige ander werknemer betref, tien uur in 'n week.

(7) *Vroulike werknemers.*—Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, mag 'n werkgewer nie vereis of toelaat dat 'n vroulike werknemer—

(*a*) tussen 6-uur nm. en 6-uur vm. werk nie;
(*b*) op meer as vyf dae in 'n week na 1-uur nm. werk nie;
(*c*) meer as twee uur oortyd op 'n dag werk nie, behalwe dat 'n werknemer met 'n werkweek van vyf dae op 'n Saterdag tot vier uur oortyd mag werk;
(*d*) op meer as drie opeenvolgende dae in 'n week oortyd werk nie;
(*e*) op meer as sestig dae in 'n jaar oortyd werk nie;
(*f*) na voltooiing van haar gewone werkure meer as een uur op 'n dag oortyd werk nie, tensy hy—
(i) so 'n werknemer voor die middag kennis daarvan gegee het; of
(ii) so 'n werknemer van 'n behoorlike ete voorsien en haar genoeg tyd gelaat het om dit te nuttig voordat sy met die oortydwerk moet begin; of
(iii) so 'n werknemer minstens vyf-en-twintig sent betyds betaal het om haar in staat te stel om 'n ete te verkry en te nuttig voordat die oortydwerk begin.

(8) *Betaling vir oortydwerk.*—'n Werkgewer moet 'n werknemer wat oortyd werk, betaal teen 'n tarief van—

(*a*) wat 'n los werknemer betref, een en 'n derde maal sy dagloon gedeel deur agt en 'n half;
(*b*) wat enige ander werknemer betref, een en 'n derde maal sy uurloon vir elke uur of deel van 'n uur wat hy altesaam op enige dae in enige week oortyd gewerk het.

(9) *Voorbehoudsbepalings.*—(*a*) Die bepalings van hierdie klousule geld nie vir 'n kampongbestuurder, 'n indoena of 'n wag nie.

(*b*) Die bepalings van hierdie klousule geld nie vir 'n senior besturende, professionele of administratiewe werknemer indien en terwyl so 'n werknemer gereeld 'n besoldiging teen 'n tarief van minstens R1,680 per jaar ontvang nie.

(*c*) Die bepalings van subklousules (3), (4) en (6) geld nie vir 'n werknemer onderwyl hy noodwerk verrig of vir 'n noodhulp- of hospitaalordonnans nie.

(*d*) Die bepalings van subklousule (3) geld nie vir 'n sanitêre werker of vir 'n werknemer wat goedere aflewer nie.

6. JAARLIKSE VERLOF.

(1) Behoudens die bepalings van subklousule (2), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, op iedere voltooide tydperk van 12 maande in sy diens toestaan—

(*a*) wat 'n kampongbestuurder, 'n indoena of 'n wag betref, 21 opeenvolgende kalenderdae verlof;
(*b*) aan iedere ander werknemer, 14 opeenvolgende kalenderdae verlof;

en moet hy so 'n werknemer ten aansien van sodanige verlof betaal—

(i) wat 'n werknemer in paragraaf (*a*) vermeld betref, 'n bedrag van minstens drie maal die weekloon waartoe hy vanaf die eerste dag van die verlof geregtig is;
(ii) wat 'n werknemer in paragraaf (*b*) vermeld betref, 'n bedrag van minstens twee maal die weekloon waartoe hy vanaf die eerste dag van die verlof geregtig is:

Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie klousule die weekloon van 'n werknemer wat stukwerk verrig, bereken word op die grondslag uiteengesit in artikel *twintig* (5) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941.

(2) Die verlof voorgeskryf in subklousule (1) moet toegestaan word op 'n tyd wat die werkgewer bepaal: Met dien verstande—

(i) dat, as sodanige verlof nie eerder toegestaan is nie, dit, behoudens die bepalings van subklousule (3), só toegestaan word dat dit begin binne vier maande na voltooiing van die 12 maande diens waarop dit betrekking het of dat, as die werkgewer en werknemer daartoe skriftelik ooreengekom het voor die afloop van die gemelde tydperk van vier maande, die werkgewer aan die werknemer sodanige verlof moet toestaan vanaf 'n datum nie later as twee maande na die afloop van die gemelde tydperk van vier maande nie;
(ii) dat die tydperk van verlof nie saamval met siekteverlof wat ingevolge klousule 7 toegestaan is of, tensy die werknemer dit versoek en die werkgewer skriftelik daartoe instem, met enige tydperk van militêre opleiding nie;
(iii) dat, as Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Geloftedag of Kersdag binne die tydperk van sodanige verlof val, daar vir elke sodanige vakansiedag nog 'n werkdag by gemelde tydperk as verdere verloftyd gevoeg en vir elke sodanige bygevoegde dag aan die werknemer 'n bedrag van minstens sy dagloon betaal word;
(iv) dat 'n werkgewer al die dae geleentheidsverlof wat op die skriftelike versoek van sy werknemer met volle betaling aan hom toegestaan is gedurende die tydperk van 12 maande waarop die verloftyd betrekking het, van sodanige tydperk van verlof kan aftrek.

(6) *Limitation of overtime.*—An employer shall not require or permit an employee to work overtime for more than—

(*a*) in the case of a casual employee, two hours on any day;
(*b*) in the case of any other employee ten hours in any week.

(7) *Female employees.*—Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause, an employer shall not require or permit a female employee to work—

(*a*) between 6 o'clock p.m. and 6 o'clock a.m.;
(*b*) after 1 o'clock p.m. on more than five days a week;
(*c*) overtime for more than two hours on any day, except that an employee who works a five-day week may work up to four hours overtime on a Saturday;
(*d*) overtime on more than three consecutive days in any week;
(*e*) overtime on more than 60 days in any year;
(*f*) overtime after completion of her ordinary hours of work for more than one hour on any day unless he has—
(i) before midday given notice thereof to such employee; or
(ii) provided such employee with an adequate meal and allowed her sufficient time to have it before she has to commence overtime; or
(iii) paid such employee not less than 25 cents in sufficient time to enable her to obtain and have a meal before overtime is due to commence.

(8) *Payment for Overtime.*—An employer shall pay an employee who works overtime at a rate of not less than—

(*a*) in the case of a casual employee, one and one-third times his daily wage divided by eight and one-half in respect of each hour or part of an hour so worked on any day;
(*b*) in the case of any other employee, one and one-third times his hourly wage in respect of each hour or part of an hour in the aggregate of the overtime worked on any days in any week.

(9) *Savings.*—(*a*) The provisions of this clause shall not apply to a compound manager, an induna or a watchman.

(*b*) The provisions of this clause shall not apply to a senior managerial, professional or administrative employee if and for so long as such an employee is in receipt of regular remuneration at a rate of not less than R1,680 per annum.

(*c*) The provisions of sub-clauses (3), (4) and (6) shall not apply to an employee while he is engaged on emergency work or to a first-aid or hospital orderly.

(*d*) The provisions of sub-clause (3) shall not apply to a sanitation employee or to an employee engaged in delivering goods.

6. ANNUAL LEAVE.

(1) Subject to the provisions of sub-clause (2), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, in respect of each completed period of twelve months of employment with him—

(*a*) in the case of a compound manager, an induna or a watchman, 21 consecutive calendar days' leave;
(*b*) in the case of every other employee, fourteen consecutive calendar days' leave,

and shall pay such employee in respect of such leave—

(i) in the case of an employee referred to in paragraph (*a*), an amount of not less than three times the weekly wage to which he is enitled as from the first day of the leave;
(ii) in the case of an employee referred to in paragraph (*b*), an amount of not less than double the weekly wage to which he is entitled as from the first day of the leave:

Provided that for the purpose of this clause the weekly wage of any employee who is engaged on piece-work shall be calculated on the basis set out in section *twenty* (5) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941.

(2) The leave prescribed in sub-clause (1) shall be granted at a time to be fixed by the employer: Provided—

(i) that, if such leave has not been granted earlier, it shall, save as provided in sub-clause (3), be granted so as to commence within four months after the completion of the 12 months of employment to which it relates or, if the employer and employee agree thereto in writing before the expiration of the said period of four months, the employer shall grant such leave to the employee as from a date not later than two months after the expiration of the said period of four months;
(ii) that the period of leave shall not be concurrent with sick leave granted in terms of clause 7 nor, unless the employee so requests and the employer agrees in writing, with any period of military training;
(iii) that if New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day falls within the period of such leave, another work day shall, for each such holiday, be added to the said period as a further period of leave, and the employee shall be paid an amount of not less than his daily wage in respect of each such day added;
(iv) that an employer may set off against such period of leave any days of occasional leave granted on full pay to his employee at his employee's written request during the period of 12 months of employment to which the period of leave relates.

(3) (*a*) Op die skriftelike versoek van sy werknemer mag 'n werkgewer die verlof oor 'n tydperk van hoogstens 24 maande diens laat oploop: Met dien verstande—

(i) dat so 'n werknemer sodanige versoek doen binne vier maande na afloop van die eerste tydperk van 12 maande diens waarop die verlof betrekking het; en

(ii) dat die werkgewer die datum van ontvangs van sodanige versoek daarop aanbring en dit onderteken en die versoek minstens drie jaar bewaar vanaf sodanige datum of vanaf die datum van afloop van die eerste tydperk van 12 maande diens waarop die verlof betrekking het, en wel vanaf die jongste van dié twee datums.

(*b*) Die bepalings van subklousule (2) geld *mutatis mutandis* vir die verlof in hierdie subklousule bedoel.

(4) *Verlofbesoldiging.*—Die besoldiging ten opsigte van die verlof voorgeskryf in subklousule (1), gelees met subklousule (3), moet uiterlik op die laaste werkdag voor die aanvangsdatum van die verlof betaal word.

(5) Aan 'n werknemer wie se dienskontrak gedurende enige dienstermyn van 12 maande beëindig word voordat die verlof-tydperk voorgeskryf in subklousule (1) ten opsigte van so 'n termyn opgeloop het, moet daar by sodanige diensbeëindiging, benewens enige ander besoldiging wat aan hom verskuldig mag wees, vir elke voltooide maand van sodanige dienstermyn 'n bedrag betaal word van minstens—

(*a*) wat 'n werknemer in paragraaf (*a*) van subklousule (1) vermeld betref, een-vierde van die weekloon; en

(*b*) wat 'n werknemer in paragraaf (*b*) van subklousule (1) vermeld betref, een-sesde van die weekloon,

wat hy onmiddellik voor die datum van sodanige diensbeëindiging ontvang het: Met dien verstande dat 'n werkgewer ten opsigte van enige verloftyd wat hy ingevolge die vierde voorbehoudsbepaling in subklousule (2) aan 'n werknemer toegestaan het, 'n eweredige bedrag kan aftrek, en met dien verstande voorts dat 'n werknemer—

(i) wat sy diens verlaat sonder om die kennis te gee en die opseggingstermyn uit te dien wat by klousule 12 voorgeskryf word, tensy die werkgewer van sodanige opsegging afgesien het; of

(ii) wat sy diens sonder regsgeldige rede verlaat; of

(iii) wat deur sy werkgewer sonder opsegging ontslaan word om 'n rede wat vir sodanige ontslag sonder opsegging regtens genoegsaam is,

tot geen betaling uit hoofde van hierdie subklousule geregtig is nie.

(6) 'n Werknemer wat geregtig geword het tot 'n tydperk van verlof voorgeskryf in subklousule (1), gelees met subklousule (3), en wie se dienskontrak beëindig word voordat sodanige verlof toegestaan is, moet by sodanige diensbeëindiging de bedrag betaal word wat hy ten opsigte van die verlof sou ontvang het as die verlof op die datum van diensbeëindiging aan hom toegestaan was.

(7) By die toepassing van hierdie klousule word die uitdrukking „diens" geag ook elke tydperk te omvat ten opsigte waarvan 'n werkgewer ingevolge klousule 12 'n werknemer betaal in plaas van kennis van diensbeëindiging te gee en tewens alle tydperke waarin 'n werknemer afwesig is—

(*a*) met verlof ingevolge hierdie klousule;
(*b*) met siekteverlof ingevolge klousule 7;
(*c*) op las of versoek van sy werkgewer;
(*d*) vir militêre opleiding,

en wel tot 'n totaal in enige jaar van hoogstens tien weke ten opsigte van punte (*a*), (*b*) en (*c*), plus tot drie maande van enige tydperk van militêre opleiding wat hy in dié jaar ondergaan het, en die diens word geag te begin—

(i) in die geval van 'n werknemer wat voor die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling tot 'n tydperk van jaarlikse verlof ingevolge enige wet geregtig geword het, op die datum waarop so 'n werknemer die vorige maal geregtig geword het tot verlof ingevolge so 'n wet;

(ii) in die geval van 'n werknemer wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Vasstelling in diens was en vir wie enige wet gegeld het wat vir jaarlikse verlof voorsiening maak maar wat nog nie tot 'n tydperk van verlof ingevolge daarvan geregtig geword het nie, op die aanvangsdatum van sodanige diens;

(iii) in die geval van enige ander werknemer, op die datum waarop so 'n werknemer by sy werkgewer in diens getree het of op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling, en wel op die jongste van die twee datums.

(8) (*a*) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, kan 'n werkgewer vir die doel van jaarlikse verlof te eniger tyd, maar hoogstens eenmaal in 'n tydperk van 12 maande, sy bedryfsinrigting sluit en wel vir veertien opeenvolgende kalenderdae plus enige ander dae wat moontlik uit hoofde van die derde voorbehoudsbepaling in subklousule (2) daarby gevoeg moet word.

(*b*) 'n Werknemer wat op die sluitingsdatum van 'n bedryfsinrigting ingevolge paragraaf (*a*) nie tot die volle tydperk van die jaarlikse verlof voorgeskryf in subklousule (1) (*b*) geregtig is nie moet ten opsigte van enige verlof wat aan hom verskuldig is, deur sy werkgewer betaal word op die grondslag in subklousule (5) uiteengesit, en vir die doel van die jaarlikse verlof daarná word sy diens geag te begin op die datum waarop die bedryfsinrigting aldus gesluit is.

(3) (*a*) At the written request of an employee, an employer may permit the leave to accumulate over a period of not more than 24 months of employment: Provided—

(i) that such request is made by such employee not later than four months after the expiry of the first period of 12 months of employment to which the leave relates; and

(ii) that the date of the receipt of such request is endorsed on the request over his signature by the employer, who shall retain such request for a period of not less than three years from such date or the date of the expiry of the first period of 12 months of employment to which the leave relates, whichever is the later.

(*b*) The provisions of sub-section (2) shall *mutatis mutandis* apply to the leave referred to in this sub-clause.

(4) *Leave Remuneration.*—The remuneration in respect of the leave prescribed in sub-clause (1), read with sub-clause (3), shall be paid not later than the last work day before the date of commencement of the leave.

(5) An employee whose contract of employment is terminated during any period of 12 months of employment before the period of leave prescribed in sub-clause (1) in respect of that period has accrued, shall, upon such termination, and in addition to any other remuneration which may be due to him, be paid in respect of each completed month of such period of employment an amount of not less than—

(*a*) in the case of an employee referred to in paragraph (*a*) of sub-clause (1), one-fourth, and

(*b*) in the case of an employee referred to in paragraph (*b*) of sub-clause (1), one-sixth,

of the weekly wage he was receiving immediately before the date of such termination: Provided that an employer may make a proportionate deduction in respect of any period of leave granted to an employee in terms of the fourth proviso to sub-clause (2 and provided further that an employee—

(i) who leaves his employment without having given and served the period of notice prescribed in clause 12, unless the employer has waived such notice; or

(ii) who leaves his employment without cause recognised by law as sufficient; or

(iii) who is dismissed by his employer without notice for any cause recognised by law as sufficient for such dismissal without notice,

shall not be entitled to any payment by virtue of this sub-clause.

(6) An employee who has become entitled to a period of leave prescribed in sub-clause (1), read with sub-clause (3), and whose contract of employment is terminated before such leave has been granted, shall upon such termination be paid the amount he would have received in respect of the leave, had the leave been granted to him as at the date of the termination.

(7) For the purpose of this clause the expression "employment" shall be deemed to include any period in respect of which an employer, in terms of clause 12, pays an employee in lieu of notice and also any period or periods during which an employee is absent—

(*a*) on leave in terms of this clause;
(*b*) on sick leave in terms of clause 7;
(*c*) on the instructions or at the request of his employer;
(*d*) undergoing any military training,

amounting in the aggregate in any year to not more than ten weeks in respect of items (*a*), (*b*) and (*c*), plus any period of military training not exceeding three months undergone in that year, and employment shall be deemed to commence—

(i) in the case of an employee who had before the coming into force of this Determination become entitled to a period of annual leave in terms of any law, on the date on which such employee last became entitled to such leave under such law;

(ii) in the case of an employee who was in employment before the coming into force of this Determination and to whom any law providing for annual leave applied but who had not become entitled to a period of leave in terms thereof, on the date on which such employment commenced;

(iii) in the case of any other employee, on the date on which such employee entered his employer's service or on the date of the coming into force of this Determination, whichever is the later.

(8) (*a*) Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause, an employer may for the purpose of annual leave at any time, but not more than once in any period of 12 months, close his establishment for 14 consecutive calendar days plus any additional days that may have to be added by virtue of the third proviso to sub-clause (2).

(*b*) An employee who at the date of the closing of an establishment in terms of paragraph (*a*) is not entitled to the full period of annual leave prescribed in sub-clause (1) (*b*) shall in respect of any leave due to him be paid by his employer on the basis set out in sub-clause (5), and for the purpose of annual leave therafter his employment shall be deemed to commence on the date of such closing of the establishment.

7. SIEKTEVERLOF.

(1) Behoudens die bepalings van subklousule (2), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat weens ongeskiktheid van die werk afwesig is, die volgende toestaan—

(*a*) in die geval van 'n werknemer wat 'n werkweek van vyf dae het, altesaam minstens twintig werkdae; en
(*b*) in die geval van iedere ander werknemer, altesaam minstens vier-en-twintig werkdae,

siekteverlof gedurende elke tydkring van vier-en-twintig opeenvolgende maande diens by hom, en moet hy so 'n werknemer vir elke tydperk van afwesigheid ingevolge hierdie subklousule minstens die loon betaal wat hy sou ontvang het as hy gedurende so 'n tydperk gewerk het: Met dien verstande—

(i) dat gedurende die eerste vier-en-twintig opeenvolgende maande diens 'n werknemer nie tot meer siekteverlof met volle betaling geregtig is nie as, wat 'n werknemer met 'n werkweek van vyf dae betref, een werkdag ten opsigte van elke voltooide tydperk van vyf weke diens en, wat enige ander werknemer betref, een werkdag ten opsigte van elke voltooide maand diens;
(ii) dat hierdie klousule nie geld vir 'n werknemer op wie se skriftelike versoek 'n werkgewer bydraes, minstens gelyk aan dié wat die werknemer self daarin stort, betaal aan enige fonds of organisasie wat die werknemer aanwys en wat aan die werknemer waarborg dat aan hom by ongeskiktheid in die omstandighede in hierdie klousule vermeld, altesaam minstens die ekwivalent van sy loon vir twintig of vier-en-twintig werkdae, al na gelang van die geval, in elke tydkring van vier-en-twintig maande diens betaal sal word, behalwe dat gedurende die eerste vier-en-twintig maande waarin die werknemer bydraes stort, die gewaarborgde tarief nie die koers van aanwas soos uiteengesit in die eerste voorbehoudsbepaling van hierdie subklousule te bowe hoef te gaan nie;
(iii) dat, indien 'n werkgewer ingevolge enige wet gelde vir hospitaal- of mediese behandeling ten opsigte van 'n werknemer moet betaal, en sodanige gelde wel betaal, die aldus betaalde bedrag afgetrek kan word van die bedrag wat ingevolge hierdie klousule ten opsigte van afwesigheid weens ongeskiktheid verskuldig is;
(iv) dat, indien 'n werkgewer by enige ander wet verplig word om 'n werknemer sy volle loon te betaal ten opsigte van enige tydperk van ongeskiktheid waarvoor hierdie klousule voorsiening maak, die bepalings van hierdie klousule nie geld nie.

(2) Voordat 'n werkgewer 'n bedrag betaal wat 'n werknemer kragtens hierdie klousule eis ten opsigte van enige afwesigheid uit sy werk gedurende 'n tydperk wat strek oor meer as drie opeenvolgende kalenderdae, kan hy vereis dat die werknemer 'n sertifikaat voorlê wat deur 'n geneesheer geteken is en wat die aard en duur van die werknemer se ongeskiktheid bevestig: Met dien verstande dat wanneer 'n werknemer gedurende enige tydperk van agt opeenvolgende weke betaling kragtens hierdie klousule by twee of meer geleenthede vir tydperke van drie of minder opeenvolgende kalenderdae geëis het sonder om so 'n sertifikaat voor te lê, sy werkgewer gedurende die eersvolgende agt weke, as 'n voorafgaande voorwaarde vir die betaling deur hom van enige bedrag deur die werknemer kragtens hierdie klousule geëis, van die werknemer kan vereis om so 'n sertifikaat voor te lê, ongeag die duur van sodanige afwesigheid.

(3) Wanneer 'n werknemer gedurende die eerste tydkring van 24 maande diens by dieselfde werkgewer weens ongeskiktheid 'n langer tydperk afwesig is as die siekteverlof wat hom ten tyde van sodanige ongeskiktheid toekom, is hy geregtig tot betaling vir slegs dié siekteverlof wat hom dan toekom; maar sy werkgewer moet, as hy dit nie reeds gedoen het nie, by afloop van gemelde tydkring, of by diensbeëindiging voor sodanige afloop, hom ten opsigte van dié langer tydperk van afwesigheid weens ongeskiktheid uitbetaal vir sover die siekteverlof wat by sodanige afloop of beëindiging aan hom toekom, nog nie gebruik is nie.

(4) By die toepassing van hierdie klousule—

(*a*) word die uitdrukking „diens" geag ook enige tydperk of tydperke te omvat waarin die werknemer afwesig is—

(i) met verlof ingevolge klousule 6;
(ii) op las of versoek van sy werkgewer;
(iii) met siekteverlof ingevolge subklousule (1);
(iv) vir militêre opleiding;

en wel tot 'n totaal in enige jaar van hoogstens 10 weke ten opsigte van punte (i), (ii), en (iii), plus tot drie maande van enige tydperk van militêre opleiding wat hy in dié ondergaan het, en enige tydperk van diens by dieselfde werkgewer onmiddellik voor die datum van die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling word by die toepassing van hierdie klousule geag diens ingevolge hierdie Vasstelling te wees, en alle siekteverlof wat met volle betaling aan so 'n werknemer gedurende so 'n tydperk toegestaan is, word geag ingevolge hierdie Vasstelling toegestaan te wees;

(*b*) beteken „ongeskiktheid" die onvermoë om te werk weens siekte of besering, behalwe as dit deur die werknemer se eie wangedrag veroorsaak is: Met dien verstande dat, as die onvermoë om te werk te wyte is aan 'n ongeluk waarvoor daar ingevolge die Ongevallewet, 1941, vergoeding betaalbaar is, sodanige onvermoë geag word ongeskiktheid te wees slegs ten opsigte van dié tydperk van onvermoë om te werk waarvoor geen vergoeding weens arbeidsongeskiktheid ingevolge genoemde Wet betaalbaar is nie.

7. SICK LEAVE.

(1) Subject to the provisions of sub-clause (2), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, who is absent from work through incapacity—

(*a*) in the case of an employee who works a five-day week, not less than 20 work days; and
(*b*) in the case of every other employee, not less than 24 work days,

sick leave in the aggregate during each cycle of 24 consecutive months of employment with him, and shall pay such employee in respect of any period of absence in terms of this sub-clause not less than the wage he would have received had he worked during such period: Provided—

(i) that in the first 24 consecutive months of employment an employee shall not be entitled to sick leave on full pay at a rate of more than, in the case of an employee who works a five-day week, one work day in respect of each completed period of five weeks of employment and, in the case of any other employee, one work day in respect of each completed month of employment;
